

### Jy is veilig in die beskerming van God se almag

Ons leef in 'n gebroke wêreld en word blootgestel aan baie gevare. Uit ons eie krag is ons weerloos teen bedreigings uit die natuur en uit die ryksgebied van die duiwel.

Beteken dít nou dat ons as't ware weeskinders in 'n vyandige wêreld is en as sodanig uitgelewer is aan die natuurkragte en bose geeste? Alles behalwe. In die twee optredes van ons Here Jesus waarvan jy pas gelees het, sê Hy duidelik vir jou dat Hy voluit in beheer is oor al daardie magte waarteen jy so weerloos staan.

Op die see van Galilea bars daar 'n storm los waarteen die dissipels geen verweer het nie. Vir die duiwel moes dit 'n opwindende vooruitsig gewees het om die slapende Jesus saam met sy dissipels in die siedende storm te sien ondergaan. Wanneer Jesus egter die wind en golwe bestraf, kom daar onmiddellik stilte ... en natuurlik ook veiligheid vir almal in die skuit. Hoe kon die dissipels wanhoop aan hulle lewens terwyl Jesus by hulle was?

In die daaropvolgende ontmoeting met Legio en die "baie bose geeste" wat in hom gewoon het, toon Jesus eweneens dat Hy die Almagtige Oorwinnaar is oor die magte van die duiwel. 'n Mens wat vantevore vanweë sy duiwelbesetenheid soos 'n dooie tussen grafte gelewe en kaal rondgelopen het, word deur Jesus bevry om ordelik te lewe en 'n lewende getuie vir God te wees (8:38,39).

Dit moet vir jou 'n groot troos wees om te weet dat die duiwel wel **magtig** is, maar dat God **álmagtig** is. As jy in die geloof by die Here skuil, het jy van géén vyandelike mag iets te vrees nie. Aan Hom is alle mag in die hemel en op die aarde gegee en Hy is by jou al die dae tot die voleinding van die wêreld (Matt 28:18,20). Weldra kom die Oorwinnaar van Golgota terug om die duiwel en ál sy magte in die ewige afgrond te verseël!

Sing: Psalm 145:1,10,11,12

Ds JJ Cloete (Koster)